

Ds. A. J. KRET, *Ten Dis Geleid*, (100 bls.), J. H. Kok, Kampen 1957.

Die skrywer van hierdie boekie oor „de betekenis van het sacrament van het heilig Avondmaal voor ons”, is Hervormde predikant op Krimpen aan de Lek en behoort tot die Hervormd-Gereformeerde kring; hy was ook mede-opsteller van die boekie wat ons hierbo geresenseer het nl. die werkie oor die N.G.B.

Hierdie werkie dra dwarsdeur (bv. bls. 38–41, 54–57, 63 v.v., 75 v.v.) ’n sterk apologetiese karakter. Dit pleit naamlik vir die noodsaaklikheid van die aansit aan die nagmaalstafel en is gerig teen „de onverantwoorde mijding van en angst voor dit zo troostvolle Sacrament” wat daar by baie lidmate en selfs ook predikante van die Hervormd-Gereformeerde

kring bestaan. Waar hierdie mense dikwels die nie-aansit aan die nagmaalstafel sien as die waaragtige erkenning van die heiligkeit van God en die sakramant van die Avondmaal, en dus as uitdrukking van die erkenning van ons sondige nietigheid en van die stoere ortodokse geloof, daar wys ds. Kret uitvoerig daarop dat die nie-aansit geensins neutraliteit beteken nie (bv. bls. 71), maar veleer 'n breuk met „de orde Gods, gesteld in Zijn Kerk in de beleving van het heil” (bls. 71) en dat volgens die bybels-reformatoriiese leer van die Avondmaal „aan het niet-mogen-komen aan de Tafel vast (zit) het „geen deel hebben in het rijk van Christus”. (bls. 55). In hierdie lig gesien is dit ook verstaanbaar dat die skrywer baie nadruk lê op die „vermanende gedeelte” van die leer i.v.m. die Avondmaal in belydenisskrifte en formulier en in sy ondersoek klem laat val op die betekenis van „uitgesloten-wees” uit die sakramant.

Hierdie apologetiese tendens neem egter nie weg dat ds. Kret (alhoewel sy ondersoek geensins groot, nuwe en oorspronlike perspektiewe open en nuwe gegewens na vore bring nie) ook 'n baie duidelike uiteensetting van die Avondmaal gee nie. Hy begin nl. met die Pascha in Israel, ondersoek dan die nuwe-test. gegewens i.v.m. die Avondmaal „als vernieuwing en vervulling van het Pascha” (bls. 10), gaan dan die leer van die Avondmaal na in die simboliese en liturgiese geskrifte van ons Kerk, en pas dit dan toe in die vierde hoofstuk op elke lid van die gemeente persoonlik. „Ten dis geleid” is dus binne die perke wat dit self stel, 'n goeie en belangrike boek oor die heilige Avondmaal.

B. J. ENGELBRECHT.